

Titel: Ontsnap die pynigers
Spreker: Phillip Boshoff
Datum: 14 Februarie 2010
Tyd: 09:00



Sy nuwe gebod

Johannes 13:34-35

³⁴n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. ³⁵Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.

Sy voorbeeld

Lukas 23:24

³⁴En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie...

Sy verwagting

Markus 11:24-26

²⁴Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry. ²⁵En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe. ²⁶Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie.

Onstnap die pynigers

Mattheüs 18:21-35

²¹Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? ²²Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe. ²³Daarom word die koninkryk van die hemele vergelyk met 'n sekere koning wat met sy diensknegte wou afreken. ²⁴En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat tien duisend talente skuldig was. ²⁵En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word. ²⁶Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal. ²⁷En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld. ²⁸Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld. ²⁹Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smee hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal. ³⁰En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp totdat hy die skuld sou betaal het. ³¹En toe sy medediensknegte sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle heer meegedeel alles wat gebeur het. ³²Daarop roep sy heer hom en sê vir hom: Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het; ³³moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie? ³⁴En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was. ³⁵So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.

'n Bose strik

2 Timotheüs 2:23-26

²³En die dwase en onverstandige strydvrage moet jy afwys, omdat jy weet dat dit twis verwek; ²⁴en 'n dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra. ²⁵Hy moet die weerspanning in sagmoedigheid tereg wys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie, ²⁶en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen.

Johannes 20:23

²³As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou.

'n Liefde wat bedek

Spreuke 10:12

¹²Haat verwek twiste, maar liefde bedek al die oortredinge.

1 Petrus 4:8

⁸Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek.

Bonatuurlike krag

Filippense 2:13

¹³want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.